# SHARDA
# HEXAZINONE 240 SL

Reg. No. L9659, Act No. 36 of 1947 | Reg. Nr. L9659, Wet Nr. 36 van 1947

A herbicide for the pre-emerge and early post-emerge control of certain weeds in ratoon sugarcane and for non-selective weed control in sugarcane verges and breaks.

'n Onkruiddoder vir die vooropkom en vroeë naopkom beheer van sekere onkruid in ratoen suikerriet en vir die nie-selektiewe onkruid beheer in bane tussen en langs suikerrietlande.

**Herbicide Group - C 1**

**ACTIVE INGREDIENT:**

Hexazinone (triazine) 240 g/ℓ

**Onkruiddodergroep - C 1**

**AKTIEWE BESTANDDEEL:**

Heksasinoon (triasien) 240 g/ℓ

Registered by | Geregistreer deur:

Sharda International Africa cc
Company Reg. No./Maatskappy Reg. Nr. 2010/002268/07
P O Box/Posbus 82021, Southdale 2135.
Tel: 031 266 3264
Fax: 086 641 2325

| | |
|---|---|
| BATCH NUMBER<br>LOT NOMMER | |
| DATE OF MANUFACTURE<br>DATUM VAN VERVAARDIGING | |

NET CONTENTS / NETTO INHOUD

**5 ℓ**

**UN No./VN Nr. 2998**

© Sharda International Africa cc



**HARMFUL**
**SKADELIK**





**WARNINGS**
- Poisonous by swallowing.
- Can cause irritation to eyes, nose, throat and skin.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Store in the original container in a cool place under lock and key, away from food, feed, fertiliser and seed.
- **Do not apply to plant sugarcane.**
- Avoid excessive spray swath overlapping and double spraying.
- Re-entry: Do not enter the treated field within 1 day after application unless wearing protective clothing.
- Aerial application: Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warning. Do not spray over or allow drift to contaminate water bodies or adjacent areas.

Although this herbicide has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be effected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the herbicide concerned as well as by the method, time and accuracy of the application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in event of any uncertainty.

**PRECAUTIONS**
- Do not inhale fumes or spray mist.
- Avoid contact with skin and eyes.
- Wear protective clothing when handling the concentrate (overall, eye protection, rubber boots, and gloves).
- Wash with soap and water after use.
- Wash contaminated clothing thoroughly before re-use.
- Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face and change of clothing.
- Prevent contamination of food, feedstuff, eating utensils and drinking water.
- Prevent the drift of spray mist onto other crops, grazing, rivers, dams or areas not under treatment.
- Do not apply near desirable plants or trees (e.g. windbreaks, ornamental trees or shrubs along roads) or on areas where their roots may extend or in locations where the chemical may be washed or moved into contact with their roots.
- Allow 12 months between application and the planting of crops other than pineapples and sugarcane. Before replanting to any other crop ensure that the soil is thoroughly ploughed and harrowed.
- Over-application or any use not in accordance with the directions on this label may cause stunting of the crop and other adverse effects.
- Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container by perforation and flattening. Never use the container for any other purpose.

SYMPTOMS OF HUMAN POISONING
"Sharda Hexazinone 240 SL" may cause eye irritation or skin irritation. Nausea, vomiting and diarrhoea may occur if large quantities are ingested.
FIRST AID TREATMENT
Skin contact: Remove the contaminated clothing. Wash the body with non-abrasive soap and lots of water. Persons providing first aid must wear gloves to avoid self-contamination. Seek medical advice if necessary.
Eye contact: Flush eyes immediately with large amounts of clean water for approximately 15 minutes. Occasionally lift the upper and lower lids. Get medical attention.
Inhalation: Remove the patient to a well-ventilated area and loosen clothing around the neck. Perform artificial respiration and administer oxygen if necessary. Keep patient warm and calm.
Ingestion: Do not induce vomiting. Get medical attention immediately. Administration of gastric lavage or oxygen should be performed by qualified medical personnel.
NOTE TO PHYSICIAN
There is no specific antidote. Treat symptomatically and supportively. Keep the patient under observation. Perform gastric lavage and catharsis if the patient is not unconscious.

**Resistance Warning:** For resistance management "Sharda Hexazinone 240 SL" is a group code C 1 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to "Sharda Hexazinone 240 SL" and other group code C 1 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. "Sharda Hexazinone 240 SL" or any other group code C 1 herbicide may not control these resistant weeds.
To delay herbicide resistance:
- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code.
- Alternate or tank mix with products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programs.
- For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

**DIRECTIONS FOR USE: RATOON SUGAR CANE.** Use only as directed.
- **Do not use "Sharda Hexazinone 240 SL" on plant sugarcane crops.**
- "Sharda Hexazinone 240 SL" can be used for pre-emerge weed control after harvesting is completed and before weeds have emerged.
- Do not apply directly over the ratoon sugarcane foliage but direct the spray across the inter-row to avoid wetting the crop foliage.
- Apply "Sharda Hexazinone 240 SL" in 200 to 400 litres of water/ha according to the weed density, the season and soil type for residual weed control.

**GENERAL**
- "Sharda Hexazinone 240 SL" herbicide is absorbed by leaves and roots and should be applied prior to or during the period of active weed growth. It has a long residual action.
- Rainfall or irrigation within a few weeks after application will improve weed control.
- The effects of "Sharda Hexazinone 240 SL" on existing weeds are slow to appear. The level and length of weed control will depend on the dosage rate, rainfall and soil type.
- Do not exceed the recommended dosage rate on this label and do not repeat an application during the same growing season.
- Do not add an additional wetter, additive or surfactant to the spray mixture.
- Apply as a directed inter-row spray.
- Avoid direct spray contact with the crop leaves.

**"Sharda Hexazinone 240 SL": PRE-EMERGE TREATMENTS:**
- Add the required quantity of "Sharda Hexazinone 240 SL" to the water in the spray tank while agitating.
- Spray the soil surface or emerged weeds with a correctly calibrated tractor-mounted boom sprayer or knapsack sprayer or aircraft (see aerial application) to give an even spray distribution on the target area.
- Use a spray volume of 200 to 400 litres water per ha with ground spray equipment.
- Agitate the spray mixture continuously during mixing and spraying.
- Best results are obtained when "Sharda Hexazinone 240 SL" is applied to moist soil and when the climatic conditions are favourable for active weed growth.
- Thoroughly clean all traces of herbicide from application equipment immediately after use. Flush the tank, pumps, hoses and boom with clean water after removing nozzle tips and screens. Clean these parts separately.

**Aerial Application**
Aerial application of "Sharda Hexazinone 240 SL" may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SABS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:
- Volume: A spray mixture volume of 30 to 35ℓ per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- Droplet coverage: 30 to 40 droplets per $cm^2$ must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 300 to 350 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8°C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
  - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

**Dosage Rates**

| TIME OF APPLICATION | SOIL TYPE AND PERCENT CLAY | PRE-EMERGE OF WEEDS |
|---|---|---|
| Early Season | Light – Loamy Sand : 5 – 15% | 1.75 – 2.25 ℓ/ha |
| | Loamy Sand – Sandy Clay Loam: 16 – 35% | 2.25 – 2.75 ℓ/ha |
| | Sandy Clay – Clay (including soils high in organic matter) > 35% | 2.5 – 3.0 ℓ/ha |
| Mid-Season | Light – Loamy Sand : 5 – 15% | 1.75 – 2.0 ℓ/ha |
| | Loamy Sand – Sandy Clay Loam: 16 – 35% | 2.0 – 2.25 ℓ/ha |
| | Sandy Clay – Clay (including soils high in organic matter) > 35% | 2.0 – 2.5 ℓ/ha |
| Late Season | Light – Loamy Sand : 5 – 15% | 1.0 – 1.15 ℓ/ha |
| | Loamy Sand – Sandy Clay Loam: 16 – 35% | 2.0 ℓ/ha |
| | Sandy Clay – Clay (including soils high in organic matter) > 35% | 2.25 ℓ/ha |

**SUGARCANE FIELD VERGES**
- This application is for vegetation management and will not give complete weed control. Some weeds will be controlled and the development of others will be stunted.
- Apply "Sharda Hexazinone 240 SL" in 200 to 400 ℓ water per ha as a broadcast post-emerge weed control spray.
- Apply when the young weeds are actively growing; grasses should be pre-tillering or very early post-tillering.
- Direct the spray away from the sugarcane to avoid "Sharda Hexazinone 240 SL" contact with the crop.

| SOIL TYPE | DOSAGE PER HA | SPOT TREATMENT (PER $10m^2$) |
|---|---|---|
| Sand and Sandy Loam: < 20% clay | 7.5 ℓ | 7.5 mℓ |
| Sandy Clay Loam: 21 – 35% clay | 11.3 ℓ | 11.3 mℓ |
| Sand Clay to Clay: > 35% clay | 15.0 ℓ | 15.0 mℓ |

**WEEDS CONTROLLED**
"Sharda Hexazinone 240 SL" will control susceptible weeds as the seeds germinate.

| COMMON NAME | |
|---|---|
| Broad Leaf Weeds | |
| Invading Ageratum | *Ageratum conyzoides* |
| Common pigweed | *Amaranthus hybridus* |
| Yellow Mexican poppy | *Argemone mexicana* |
| Black jack | *Bidens pilosa* |
| Nettle-leaved Goosefoot | *Chenopodium murale* |
| Cosmos | *Cosmos bipinnatus* |
| Thorn apple | *Datura stramonium* |
| Spiny Emex | *Emex australis* |
| Gallant soldier | *Galinsoga parviflora* |
| Bladder weed | *Hibiscus trionum* |
| Apple of Peru | *Nicandra physaloides* |
| Purslane | *Portulaca oleracea* |
| Flannel weed | *Sida rhombifolia* |
| Nightshade | *Solanum nigrum* |
| St Paul's wort | *Siegesbeckia orientalis* |

| COMMON NAME | |
|---|---|
| Grasses | |
| Sweet signal grass | *Brachiaria eruciformis* |
| Crab finger grass | *Digitaria sanguinalis* |
| Finger grass | *Digitaria* species |
| African goose grass | *Eleusine coracana* |
| Goose grass | *Eleusine indica* |
| Common buffalo grass (pre-tillering) | *Panicum maximum* |
| Sweet buffalo grass | *Panicum schinzii* |
| Elbow buffalo grass | *Panicum subalbidum* |
| Sticky bristle grass | *Setaria verticillata* |
| Red bristle grass | *Setaria pallide-fusca* |
| Sedges | |
| Yellow nutsedge (post emerge only) | *Cyperus esculentus* |

**WAARSKUWINGS**

- Giftig indien ingesluk.
- Hanteer uiters versigtig.
- Irriterend vir oë, neus, keel en vel.
- Hou buite die bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Stoor agter slot en grendel, in die oorspronklike houer in 'n koel plek, weg van voedsel, voer, kunsmis en saad.
- **Moenie op plant suikerriet gebruik nie.**
- Verhoed die oorvleueling van spuitbane en dubbelbespuiting.
- Herbetreding: Moenie die behandelde area betree binne een dag na toediening nie, tensy beskermende klerasie gedra word.
- Lugtoediening: Stel al die bewoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit of die spuitnewel toelaat om dit te besoedel nie.

Alhoewel hierdie onkruiddoder omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats-, en bergingtoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, en die voorkom van weerstand van onkruid teen die betrokke onkruiddoder, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier, of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kan word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

**VOORSORGMAATREËLS**

- Vermy inaseming van dampe en spuitmis.
- Vermy kontak met oë en vel.
- Dra beskermende klere (oorpak, rubberstewels, handskoene en oogbeskerming) wanneer die konsentraat hanteer word.
- Na gebruik was deeglik met seep en water.
- Was besoedelde klere na gebruik en voor hergebruik.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en ander klere na gebruik aangetrek is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.
- Voorkom die oorwaai van spuitmis na ander gewasse, weiding, riviere, damme of gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Moenie toedien naby gewensde plantegroei (bv. windbreke, bome en struike langs paaie) of in die omgewing van sulke plante se wortels of waar die onkruiddoder na sulke plante se wortels kan loog of spoel nie.
- Moenie enige gewas anders as pynappels en suikerriet binne 12 maande na toediening plant nie. Voordat enige ander gewas geplant word, moet die grond deeglik bewerk word.
- 'n Te hoë toediening of enige ander toediening wat nie in ooreenstemming met die aanbevelings op hierdie etiket is nie, kan lei tot gewasskade en ander ongewensde gevolge.
- Spoel die leë houer driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word deur gate daarin te maak en plat te slaan. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING
"Sharda Hexazinone 240 SL" mag irritasie van die oë of die vel veroorsaak. Naarheid, braking, en diaree kan plaasvind indien groot hoeveelhede mondeliks ingeneem word.
NOODHULP BEHANDELING
Velkontak: Verwyder die besoedelde klere, sowel as skoene. Was die hele lyf met 'n sagte seep en baie water. Moenie 'n skuurmiddel gebruik nie. Persone wat noodhulp toedien, moet handskoene dra om selfkontaminasie te voorkom. Soek mediese advies indien benodig.
Oogkontak: Was oë onmiddellik uit met groot hoeveelheid skoon water vir ongeveer 15 minute. Lig die onderste en boonste ooglede gedurig. Indien oog irritasie aanhou, soek mediese hulp.
Inaseming: Verwyder die persoon van die bron van vergiftiging na 'n goed geventileerde area en maak klere om die nek los. Pas kunsmatige asemhaling toe en dien suurstof toe indien nodig. Hou pasient warm en gerus.
Mondelikse inname: Moenie braking induseer nie. Ontbied onmiddellik mediese hulp. Gastriese reiniging of suurstof moet deur opgeleide mediese personeel toegedien word.
NOTA AAN GENEESHEER
Daar is geen spesifieke teengif nie. Behandel simptomaties en ondersteunend. Hou die pasient onder observasie. Dien gastriese reiniging en suiwering toe indien die pasient nie bewusteloos is nie.

**Weerstandswaarskuwing:** "Sharda Hexazinone 240 SL" is 'n groepkode C 1 onkruiddoder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen "Sharda Hexazinone 240 SL", of enige ander groepkode C 1 onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruid populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur "Sharda Hexazinone 240 SL" of enige ander groepkode C 1 onkruiddoder beheer word nie
Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode.
- Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddoder-groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in die onkruiddoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

**GEBRUIKSAANWYSINGS : OPSLAGSUIKERRIET** Gebruik slegs soos aanbeveel

**SUIKERRIET**

- **Moenie "Sharda Hexazinone 240 SL" op plantriet gebruik nie.**
- "Sharda Hexazinone 240 SL" kan gebruik word vir vooropkomonkruidbeheer na die voltooiing van oes en voor die opkoms van onkruid.
- Moenie direk op die blare van ratoensuikerriet spuit nie en rig die bespuiting om benatting van die suikerrietblare te vermy.
- Dien "Sharda Hexazinone 240 SL" in 200 tot 400 liter water/ha toe vir residuele onkruidbeheer soos aangedui vir die onkruiddruk, die grondtipe en tyd van toediening.

**ALGEMEEN**

- "Sharda Hexazinone 240 SL" onkruiddoder word deur blare en wortels opgeneem en dit moet toegedien word net voor of tydens die aktiewe groei van onkruid. Dit het 'n lang nawerking.
- Reënval of besproeiing kort na toediening sal die onkruidbeheer bevorder.
- Die effek van "Sharda Hexazinone 240 SL" op bestaande onkruide neem redelik lank om te verskyn. Die vlak en nawerking van onkruidbeheer sal afhang van die toedieningshoeveelheid, die reënval en die grondtipe.
- Moenie die aanbevole dosis op die etiket oorskry nie en moenie die toediening gedurende dieselfde groeiseisoen herhaal nie.
- Moenie enige addisionele benattingsmiddel of ander byvoegmiddel by die spuitmengsel voeg nie.
- Dien toe as 'n algehele of tussenry gerigte bespuiting.
- Vermy direkte spuit kontak met die gewas blare.

**"Sharda Hexazinone 240 SL": VOOROPKOMBEHANDELING**

- Voeg die benodigde "Sharda Hexazinone 240 SL" by die water in die spuittenk terwyl dit geroer word.
- Bespuit die grondoppervlakke of die onkruid met 'n korrek gekalibreerde trekkerspuit met spuitbalk of 'n rugsakspuit of 'n vliegtuig (sien lugbespuiting) om 'n egalige spuitneerslag verspreiding op die teiken area te gee.
- Gebruik 'n toedieningsvolume van 200 tot 400 liter water per ha met grond spuittoerusting.
- Roer die spuitmengsel voortdurend gedurende meng en bespuiting.
- Die beste resultaat word verkry wanneer "Sharda Hexazinone 240 SL" op klam grond toegedien word en as die weerstoestande gunstig is vir aktiewe onkruidgroei.
- Om alle oorblyfsels van onkruiddoder uit die spuitapparaat te verwyder, spoel die tenk, pype en spuitbalk deeglik uit met skoon water onmiddellik na gebruik en nadat die spuitpunte en siffies uitgehaal is. (Maak hierdie onderdele afsonderlik skoon).

**Lugbespuiting**
"Sharda Hexazinone 240 SL" kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SABS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 tot 35 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 tot 350 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
    - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
    - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

**Aanbevole Dosisse**

| TYD VAN TOEDIENING | GRONDTIPE EN PERSENTASIE KLEI | VOOROPKOM VAN ONKRUID |
|---|---|---|
| Vroeë Seisoen | Ligte – Sandleem : 5 – 15% | 1.75 – 2.25 ℓ/ha |
| | Sandleem – Sandkleileem: 16 – 35% | 2.25 – 2.75 ℓ/ha |
| | Sandklei – klei (insluitend grond met hoë organiese materiaal: > 35% | 2.5 – 3.0 ℓ/ha |
| Mid-Seisoen | Ligte – Sandleem : 5 – 15% | 1.75 – 2.0 ℓ/ha |
| | Sandleem – Sandkleileem: 16 – 35% | 2.0 – 2.25 ℓ/ha |
| | Sandklei – klei (insluitend grond met hoë organiese materiaal: > 35% | 2.0 – 2.5 ℓ/ha |
| Laat Seisoen | Ligte – Sandleem : 5 – 15% | 1.0 – 1.15 ℓ/ha |
| | Sandleem – Sandkleileem: 16 – 35% | 2.0 ℓ/ha |
| | Sandklei – klei (insluitend grond met hoë organiese materiaal: > 35% | 2.25 ℓ/ha |

**LANGS EN TUSSEN SUIKERRIETLANDE**

- Hierdie toediening is vir plantegroei bestuur en sal nie volledige onkruidbeheer gee nie. Sekere onkruid sal beheer word en die ontwikkeling van ander sal vertraag wees.
- Spuit "Sharda Hexazinone 240 SL" in 200 to 400 ℓ water per ha as 'n algehele naopkomonkruid bespuiting.
- Dien toe wanneer die jong onkruid aktiefgroeiend is; grasse moet in die voor-stoel of vroeë nastoelgroeistadium wees.
- Rig die bespuiting weg van die suikerriet om "Sharda Hexazinone 240 SL" kontak met die gewas te vermy.

| GRONDSOORT | DOSIS PER HA | KOLBEHANDELING (PER 10m²) |
|---|---|---|
| Sand en Sanderige Leem: < 20% klei | 7.5 ℓ | 7.5 mℓ |
| Sandkleileem: 21 – 35% klei | 11.3 ℓ | 11.3 mℓ |
| Sanderige Klei en Klei: > 35% klei | 15.0 ℓ | 15.0 mℓ |

**ONKRUIDE BEHEER**
"Sharda Hexazinone 240 SL" sal vatbare onkruid met saad ontkieming beheer.

| GEWONE NAAM | |
|---|---|
| Breëblaaronkruid | |
| Indringer-Ageratum | *Ageratum conyzoides* |
| Gewone misbredie | *Amaranthus hybridus* |
| Geelblom bloudissel | *Argemone mexicana* |
| Knapsekerel | *Bidens pilosa* |
| Muurhondebossie | *Chenopodium murale* |
| Kosmos | *Cosmos bipinnatus* |
| Stinkblaar | *Datura stramonium* |
| Kaapse dubbeltjie | *Emex australis* |
| Knopkruid | *Galinsoga parviflora* |
| Terblansbossie | *Hibiscus trionum* |
| Basterappelliefie | *Nicandra physaloides* |
| Porslein | *Portulaca oleracea* |
| Smalblaartaaiman | *Sida rhombifolia* |
| Nastergal | *Solanum nigrum* |
| Pauluskruid | *Siegesbeckia orientalis* |

| GEWONE NAAM | |
|---|---|
| Grasse | |
| Lietjiesinjaalgras | *Brachiaria eruciformis* |
| Kruisvingergras | *Digitaria sanguinalis* |
| Vingergras | *Digitaria* species |
| Jongosgras | *Eleusine coracana* |
| Osgras | *Eleusine indica* |
| Gewone buffelsgras (voerstoel) | *Panicum maximum* |
| Soetbuffelsgras | *Panicum schinzii* |
| Elmboogbuffelsgras | *Panicum subalbidum* |
| Kitsborselgras | *Setaria verticillata* |
| Rooiborselgras | *Setaria pallide-fusca* |
| Kruidagtiges | |
| Geeluintjie (slegs naopkom) | *Cyperus esculentus* |